29 AUGUSTUS 2010 AANDDIENS PASTOOR DION VD MERWE

DIE BOEK EFESIëRS
EFESIëRS 4: 1 – 16

“Ek vermaan julle dan, ek, die gevangene in die Here, om te wandel waardig die roeping waarmee julle geroep is,
met alle nederigheid en sagmoedigheid, met lankmoedigheid, terwyl julle mekaar in liefde verdra
en ernstig strewe om die eenheid van die Gees te bewaar deur die band van die vrede.
Dit is een liggaam en een Gees, soos julle ook geroep is in een hoop van julle roeping;
een Here, een geloof een doop,
een God en Vader van almal, wat oor almal en deur almal en in julle almal is.
Maar aan elkeen van ons is die genade gegee volgens die mate van die gawe van Christus.
Daarom sê Hy: Toe Hy opgevaar het in die hoogte, het Hy die gevangenes gevange geneem en gawes aan die mense gegee.
Maar dít: Hy het opgevaar—wat beteken dit anders as dat Hy ook eers neergedaal het in die onderste dele van die aarde?
Hy wat neergedaal het, is dieselfde as Hy wat opgevaar het bokant al die hemele, sodat Hy alles tot volheid kan bring.
En Hy het gegee sommige as apostels, ander as profete, ander as evangeliste, ander as herders en leraars,
om die heiliges toe te rus vir hulle dienswerk, tot opbouing van die liggaam van Christus,
totdat ons almal kom tot die eenheid van die geloof en van die kennis van die Seun van God, tot ‘n volwasse man, tot die mate van die volle grootte van Christus;
sodat ons nie meer kinders sou wees nie wat soos golwe geslinger en heen en weer gedryf word deur elke wind van lering, deur die bedrieëry van die mense, deur sluheid om listiglik tot dwaling te bring;
maar, terwyl ons in liefde die waarheid betrag, in alles sou opgroei in Hom wat die Hoof is, naamlik Christus,
uit wie die hele liggaam—goed saamgevoeg en saamverbind deur die ondersteuning wat elke lid gee volgens die werking van elke afsonderlike deel in sy mate—die groei van die liggaam bevorder vir sy eie opbouing in liefde.”

DIE EENHEID VAN DIE KERK

Inleiding

Die liggaam moet in harmonie met mekaar wees om gelukkig en suksesvol te wees in die lewe.

Alle mense wil gelukkig en suksesvol wees.

Wil jy gelukkig en suksesvol wees?

1. 'N OPROEP TOT 'N EERBARE LEWE

EFES. 4:1-2 "**Ek vermaan julle dan, ek, die gevangene in die Here, om te wandel waardig die roeping waarmee julle geroep is,**
met alle nederigheid en sagmoedigheid, met lankmoedigheid, terwyl julle mekaar in liefde verdra"
Paulus maak hier 'n stelling en gaan dan verder daarop uitbrei – Hoe om dit prakties te doen.

Ons belydenis en lewe moet klop. As jy bely dat God jou "geroep" het dat Hy jou Sy kind gemaak het, dan moet jou lewenswandel (jou praktiese lewenswyse) daardie belydenis bevestig.

Hoe moet hierdie leefwyse lyk?

Vers 2 sê met alle nederigheid, sagmoedigheid met lankmoedigheid terwyl ons mekaar in liefde verdra.

2. 'N ERNSTIGE STREWE NA EENHEID

EFES. 4: 3 EN 13
VERS 3 "en ernstig strewe om die eenheid van die Gees te bewaar deur die band van die vrede."
VERS 13 "**totdat ons almal kom tot die eenheid van die geloof en van die kennis van die Seun van God, tot 'n volwasse man, tot die mate van die volle grootte van Christus;"**

Ons is een in die Gees – vanweë ons posisie, maar daar is beslis 'n groeiproses hierin soos ons kan sien in vers 13.

Totdat ons kom tot die eenheid in die geloof >>>> die groeiproses wat by ons almal plaasvind tot by volwassenheid.

Een in die Gees, maar in geloof besig om nader aan Hom en mekaar te beweeg.

3. EEN!!!

EFES. 4: 4 – 6 "Dit is een liggaam en een Gees, soos julle ook geroep is in een hoop van julle roeping;
een Here, een geloof een doop,
een God en Vader van almal, wat oor almal en deur almal en in julle almal is."

DIE SLEUTELWOOD – EEN KOM SEWE KEER IN HIERDIE 3 VERSE VOOR.

Onthou Hoofstuk 2 Griek, Heiden, Jood almal nou **een** in Christus.

EEN Heilige Gees wat ons nou saambind in **EEN** Hoop saam in **EEN** liggaam.

EEN Here Jesus Christus, **EEN** geloof, **EEN** doop **EEN** God en Vader.

Sien ons ook sterk die **3 EENHEID** van God. Vader, Seun en Heilige Gees.

1 Kor.12: 4-6 "**Daar is wel verskeidenheid van genadegawes, maar dit is dieselfde Gees;**
en daar is verskeidenheid van bedieninge, en tog is dit dieselfde Here;
en daar is verskeidenheid van werkinge, en tog is dit dieselfde God wat alles in almal werk."

Matt. 28:19 "Gaan dan heen, maak dissipels van al die nasies, en doop hulle in die Naam van die Vader en die Seun en die Heilige Gees; en leer hulle om alles te onderhou wat Ek julle beveel het."

2 Kor. 13:13 "Die genade van die Here Jesus Christus en die liefde van God en die gemeenskap van die Heilige Gees sy met julle almal! Amen."

4. DIE WYSE WAAROP DIE EENHEID GEHANDHAAF MOET WORD

Die Here gee verskillende gawes aan elke gelowige.

Efes. 4:7-11 "Maar aan elkeen van ons is die genade gegee volgens die mate van die gawe van Christus.
Daarom sê Hy: Toe Hy opgevaar het in die hoogte, het Hy die gevangenes gevange geneem en gawes aan die mense gegee.
Maar dít: Hy het opgevaar—wat beteken dit anders as dat Hy ook eers neergedaal het in die onderste dele van die aarde?
Hy wat neergedaal het, is dieselfde as Hy wat opgevaar het bokant al die hemele, sodat Hy alles tot volheid kan bring.
En Hy het gegee sommige as apostels, ander as profete, ander as evangeliste, ander as herders en leraars,"

Elkeen van ons het 'n spesifieke taak ontvang wat ons moet doen in die Liggaam.

Vers 7 sê maar aan **elkeen**

Vers 11 " Die 5 Voudige bediening

Apostels, Profete, Evangeliste, Herders, Leraars.

Hoekom die 5 Voudige bediening van Leiers>>>>>>>

ANTWOORD

Vers 12 "**om die heiliges toe te rus vir hulle dienswerk, tot opbouing van die liggaam van Christus,"**

Wie is die Heiliges?

Ons moet hierdie bediening uitleef totdat….

4 DINGE MOET GEBEUR

1. **EENHEID IN DIE GELOOF**
2. **EENHEID IN KENIIS VAN SEUN VAN GOD**
3. **ONS ALMAL VOLWASSENHEID BEREIK**
4. **DIE VOLLE MATE VAN DIE GROOTTE VAN CHRISTUS**

VERS 14:>> Dan sal ons nie meer kinders wees nie.

DIE DOEL VAN ALLES IS DAT ONS SAL OPGROEI IN CHRISTUS

HY DIE HOOF

ONS DIE LIGGAAM

VANUIT HOM GROEI DIE HELE LIGGAAM